

HOOFSTUK VIII

SAMEVATTING VAN AANBEVELINGS UIT HOOFSTUKKE

III tot VII

1. HOOFSTUK III

- 1.1 Slegs die hoogs moontlike gekwalifiseerde personeel moet benoem word, selfs in die junior poste.
- 1.2 Alle dosente moet aangemoedig word om hulle akademiese kwalifikasies voortdurend te verbeter maar nie ten koste van hulle amptelike pligte nie.
- 1.3 Dosente moet aangemoedig word om aan meer as een universiteit te studeer.
- 1.4 Alle dosente moet die ewewig tussen studie, doseer- en navorsingspligte bly bewaar, met inagneming van individuele aanleg, vermoë en belangstelling en die heersende departementele omstandighede sonder om onderskeid te maak tussen doserende en navorsingsdosente.
- 1.5 n Gratis dosentopleidingskursus moet vir dosente ingestel word. Die kursus moet onder leiding van die Fakulteit Opvoedkunde, in oorleg met die ander fakulteite, beplan en aangebied word en die Universiteit sal hoë prys stel op die verwerwing van hierdie kwalifikasie deur sy dosente. n Gesertifiseerde verklaring moet aan suksesvolle kandidate uitgereik word op die voorwaardes deur die Universiteit bepaal.
- 1.6 Gekonsentreerde opknappingskursusse in doseerwerk moet vir diensdoende dosente van tyd tot tyd onder leiding van die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word.
- 1.7 Departementshoofde moet gereelde departementele samesprekings oor die beginsels en metodes van die onderrig van hulle vakke reël, lektuur daarvoor onder die aandag van dosente bring en die nodige formele en informele leiding in hierdie verband gee.
- 1.8 Alle dosente moet aangemoedig word om volgens aanleg, belangstelling en vermoë en met inagneming van hulle omstandighede deel te neem aan ekstra-universitêre bedrywighede sonder om hulle roeping binne die Universiteit te benadeel of te verduister.
- 1.9 Die Universiteit moet n deurtastende studie van die dosent en van die student onderneem ten einde sowel seleksie en opleiding as onderrig op n steeds meer wetenskaplike grondslag te plaas.

2. HOOFSTUK IV

- 2.1 Die Senaat moet n deurtastende studie onderneem van die uitbreidingsbehoefte, -moontlikhede en -planne van bestaande departemente ten einde die volle finansiële en ander impli-

kasies daarvan te bepaal en n prioriteitsprogram vir die sistematiese ontwikkeling van bestaande departemente saam te stel.

- 2.2 Die Senaat moet - met inagneming van die uitbreidingsbehoefte binne departemente, behoeftes aan nuwe fakulteite, die geldelike vermoë, die roeping van die Universiteit en die werklike behoefte aan nuwe studierigtings - die wenslikheid, moontlikheid en implikasies van instelling van die volgende studierigtings oorweeg :
- Argeologie, Sterrekunde, Ruimtekunde, Teorie en praktyk van syferrekenaars, Metallurgie, Kommunikasie, Stads- en Streeksbeplanning, Genetika, Bodemkunde, Weerkunde, Konservasie van natuurhulpbronne, Aktuariswese, Teorie en praktyk van die aandelebeurs, Personeelbestuur en Versekeringswese.
- 2.3 Die Senaat moet onverwyld n beplanningskomitee benoem om die eise gestel deur fakulteite vir Medisyne, Ingenieurswese en Landbou in besonderhede te bepaal en om die moontlikheid te ondersoek om :
- 1) een of meer van genoemde fakulteite binne die eersvolgende 15 jaar in te stel en
 - 2) rondom bestaande departemente sodanig uit te brei dat een of meer van die beoogde fakulteite binne die eersvolgende 15 jaar n vanselfsprekende uitvloeisel van die beplande uitbreiding sal wees.
- 2.4 Afrikaans-Nederlands IA moet vanaf 1967 deur Afrikaans vervang word.
- 2.5 Die posisie van Higiëne I moet deeglik deur die Senaat bestudeer word.
- 2.6 Ook die posisie van Maatskaplike Sorg (Kultuur- en Versorgingswetenskap) moet so spoedig moontlik deur die Senaat in deeglike studie geneem word.
- 2.7 n Deurtastende ondersoek moet ingestel word na die eise wat die verskillende kursusse in terme van tyd aan studente stel.

3. HOOFSTUK V

- 3.1 Die hele universitêre didaktiese opset moet aan n wetenskaplike ondersoek onderwerp word ten einde die tentatiewe bevindinge van hierdie opname te kontroleer en te waardeer.
- 3.2 Die Universiteit moet die hele vraagstuk van evaluering deurtastend ondersoek ten einde tot n wetenskaplik gefundeerde stelsel van evaluering van studente te kom.
- 3.3 Die bestaande fasiliteite wat die departement Etiek en Logika en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing t.o.v. persoonlike hulpverlening aan studente bied, moet pertinent onder die aandag van studente gebring word.

- 3.4 Die Rektor moet die S.R., en die huisvaders moet hulle huis-komitees aktiveer om gesprekke onder vier oë te voer met enkelinge onder die studente wat hulle skuldig maak aan on-smaaklike gedrag - veral t.o.v. die verkeer tussen mans en dames.
- 3.5 Toetsvoorskrifte, so na moontlik gelykluidend met die eksamen-voorskrifte soos op die amptelike eksamenskrifte gedruk, moet vir toetse aanvaar en op die omslag van die amptelike toets-boeke aangebring word.
- 3.6 Alle dosente moet by wyse van n amptelike omsendbrief daar-op gewys word dat toetse deel van die kandidaat se eksamen van die jaar is en daarom onder dieselfde strenge toesig as die eksamen afgeneem moet word.
- 3.7 Onreëlmatighede tydens klastoetse moet behandel word volgens die voorskrifte van die eksamens en moet kan lei tot weer-houding van die kandidaat van verdere toetse en eksamens.
- 3.8 Elke dosent moet volgens die eise van sy besondere omstan-dighede n verantwoordbare stelsel van register hou ontwerp, aangesien die Senaat besonderhede ten opsigte van klas-bywoning mag benodig ten einde sy diskresie uit te oefen om kandidate tot n eksamen toe te laat.
- 3.9 Die Senaat moet hom opnuut besin oor sportdrag en kleredrag van studente tydens kolleges ten einde verwarring by studente uit te skakel.
- 3.10 In gevalle van geregverdigde afwesigheid van toetse moet die student mondeling of skriftelik hertoets word.
- 3.11 Die Universiteit moet n grondige ondersoek onderneem van die hele vraagstuk van evaluering van studente ten einde die tentatiewe bevindinge van hierdie verslag te kontroleer en, indien nodig, voorstelle vir verbetering van evaluering te formuleer.
- 3.12 Dit word aan die hand gegee dat dosente die volgende pro-se-dures om moontlike leemtes in die huidige evaluering uit te skakel oorweeg en na behoefte toepas tot tyd en wyl die bogemelde ondersoek afgehandel is :
- 3.12.1 n Algemene oriëntering ten opsigte van n kursus moet aan die begin daarvan aan studente beskikbaar gestel word.
- 3.12.2 Eksaminatore moet n helder begrip hê van die doel-eindes van die betrokke kursus.
- 3.12.3 Eksaminatore moet trag om hulle vrae sodanig te stel dat, benewens die vermoë om parate kennis op te roep, ook insig, die vermoë tot probleemoplossing en om kennis toe te pas, te sinteer en ontleed gemeet word.
- 3.12.4 Selfstandige werk deur studente moet saam met die toetse in aanmerking geneem word by die berekening van jaarsyfers maar met die nodige voorsorg teen on-geoorloofde onderlinge hulpverlening.

- 3.12.5 Dosente moet, waar die aantal studente en die aard van die kursus dit toelaat, ook mondelinge toetse en/of eksamens afneem.
- 3.12.6 Om die raai van vrae teen te werk moet meer van mondelinge eksamens en van n beperkte aantal kort antwoordvrae gebruik gemaak word.
- 3.12.7 Eksaminatore moet trag om die subjektiewe faktore by die beoordeling van eksamenantwoorde sover moontlik uit te skakel, onder meer deur vooraf die aard van die vraag te ontleed en die moontlike vorm(s) van die verwagte antwoord(e) te antisipeer, daarop die relatiewe waarde van elke aspek van moontlike antwoorde te bepaal en ten slotte - nadat alle antwoorde nagesien is - enkele steekproewe te maak van swak, middelmatige en goeie kandidate se antwoorde ten einde egaligheid van standaard te toets .
- 3.12.8 Die tyd wat aan eksamen en toetse bestee word, moet tot n redelike minimum beperk word deur klastoetse tot hoogstens 2 of 3 per kursus te beperk en deur bloktyd af te skaf of tot hoogstens een week te beperk.
- 3.12.9 Dosente moet aan die begin van die jaar of minstens aan die begin van elke semester in oorleg met die betrokke studente n toetsrooster vir die tydperk opstel ten einde oorlaaiing van studente met toetse te voorkom en voldoende tyd vir voorbereiding te verseker.
- 3.12.10 Die kwota studente per dosent moet binne redelike perke gehou word ten einde oorlaaiing van dosente met eksamenwerk te voorkom.
- 3.12.11 Alle skriftelike en mondelinge toetse en eksamens wat vir promosiedoeleindes in aanmerking geneem word, moet onderworpe wees aan moderering deur n tweede eksaminator. Hierdie moderator moet vir die hele jaar deur die Senaat benoem word.
- 3.12.12 Alle nagesiene toetse moet so spoedig moontlik aan studente teruggegee word, en die wyse van puntetoekening moet met hulle bespreek word.
- 3.12.13 Die reëling van die tydsduur van toetse en van toetsdatums moet n departementele of hoogstens fakulteitsaangeleentheid bly.
- 3.12.14 Die stelsel van evaluering moet rekbaar wees ten einde fakulteite in staat te stel om volgens besondere behoeftes en omstandighede hulle evaluering te differensieer.
- 3.13 Die pligte van eksaminatore en moderatore (tweede eksaminatore) moet deeglik omskryf en in n reglement vasgelê word. Eksemplare van hierdie reglement moet jaarliks aan eksaminatore en moderatore besorg word.

4. HOOFSTUK VI

- 4.1 Die onderneming van gesubsidieerde navorsing vir en n samewerking met belanghebbendes buite die Universiteit moet uitgebrei word. Daar moet o.a. ingeskakel word by projekte i.v.m. die mynbedryf, landbou, nywerhede, streeksontwikkeling, die aandelebeurs, die handel en die versekeringswese.
- 4.2 Alle dosente moet aangespoor word om hulle navorsingsuitkomst te publiseer.
- 4.3 Waar moontlik moet in erkende nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer word.
- 4.4 Die uitgee van verdienstelike verhandelings, proefskrifte en ander wetenskaplike werke van dosente en studente moet deur die Raad gesubsidieer word.
- 4.5 Monografieë of herdrukke van verdienstelike artikels deur dosente of studente moet deur die Universiteit uitgegee word, hetsy afsonderlik of van tyd tot tyd as n bundel.
- 4.6 n Publikasiekomitee moet deur die Senaat benoem word om publikasies deur die personeel en studente te stimuleer, te koördineer en te administreer en om die kern vir n eventuele uitgewery te vorm.
- 4.7 Die Senaat moet n komitee benoem om die hele aangeleentheid van die stigting van navorsingsinstitute en -eenhede en die organisasie van navorsing aan die Universiteit te ondersoek in die lig van die tentatiewe aanbevelings van hierdie verslag in dié verband, te wete :
- (a) Sowel departementele as interdepartementele navorsingsinstitute moet gestig word waar die omvang en gehalte van reeds gedane navorsing dit regverdig. Departementele institute moet beheer word deur die betrokke departement en interdepartementele institute deur n beheerliggaam waarin alle belanghebbende departemente verteenwoordig is. Vir elke instituut moet n dosent as direkteur deur sy gesagsliggaam voorgestel en deur die Senaat benoem word.
- (b) Navorsingseenhede kan deur die Senaat op aandrang van n departement of n ander belanghebbende gestig word. Eenhede moet egter gerig wees op n spesifieke, beperkte kennisterrein en moet slegs gestig word waar die omvang en gehalte van gedane navorsing dit regverdig of waar daar n besondere behoefte bestaan. Soortgelyke beheerliggaam as die vir institute word vir eenhede ingestel, en n dosent word deur die Senaat as leier van elke eenheid benoem.
- (c) Navorsing moet in die eerste plek deur fakulteitsrade gekoördineer word. Waar nodig wys n fakulteitsraad n navorsingskomitee aan wat departementele navorsing moet stimuleer en koördineer, wat aansoeke om stigting van institute en eenhede oorweeg en aanbevelings in hierdie verband aan die fakulteitsraad voorlê en wat aansoeke om finansiële steun oorweeg en aanbevelings daarvoor by die fakulteitsraad maak. Die fakulteits-

raad maak op sy beurt aanbevelings by die Uitvoerende Komitee, wat op hoë vlak moet koördineer en wat op sy beurt aanbevelings aan die Senaat voorlê.

5. HOOFSTUK VII

- 5.1 Die roosterkomitee moet, op versoek van departemente, die nodige lokaalplasings van klasse onderneem.
- 5.2 Die volgende departemente en fakulteite moet gedurende die eersvolgende drie jaar dringende prioriteit by die uitbreiding of vervanging van geboue geniet :

Aardrykskunde, Ekonomiese Wetenskappe, Fisika, Geologie, Lettere, Liggaamlike Opvoedkunde, Mikrobiologie, Musiek Plantkunde, Regte en Wiskunde.

- 5.3 Gebouekomplekse moet in die toekoms vir verwante departemente voorsien word. Die komplekse moet bestaan uit afsonderlike laboratoria en bykomstige geriewe dog gemeenskaplike lesingsale en personeelgeriewe en moet sodanig ontwerp word dat uitbreiding daarvan moontlik is. Bestaande geboue moet sover moontlik by kompleksvorming betrek word, en die moontlikheid van kompleksvorming moet telkens oorweeg word alvorens toevoegings tot en/of veranderings aan bestaande geboue gemaak word.
- 5.4 Ingenieurs moet onverwyld benoem word om die toekomstige ontwikkeling van die terrein en die plasing van geboue te beplan.
- 5.5 n Bedrag van ongeveer R200,000 per jaar moet gevind word vir uitbreiding van geboue vir bestaande departemente. Hierdie geld moet, binne die raamwerk van die plan deur die ingenieurs opgetrek, min of meer soos volg bestee word aan :

- 1) n kompleks vir Aardrykskunde, Beplanning, Bodemkunde en Geologie;
- 2) n kompleks vir die Biologiese Wetenskappe, te wete Anatomie, Biochemie, Dierkunde, Fisiologie, Mikrobiologie en Plantkunde;
- 3) n kompleks vir Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing;
- 4) n kompleks vir Chemie en Fisika deur verdubbeling van die huidige Chemiegebou en insluiting van die huidige Industriële Chemiegebou in die kompleks;
- 5) die oprigting van n nuwe Industriële Chemiegebou as kern van n kompleks vir Ingenieurswese;
- 6) aansienlike uitbreiding van die Farmasiegebou;
- 7) n kompleks vir Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek in die huidige Fisiologiegebou;

- 8) verdere uitbreiding tot die Frans du Toitgebou;
 - 9) n kompleks vir Musiek, Spraakleer en Drama, Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis - insluitende n waardige auditorium;
 - 10) inrigting van die huidige Sielkundegebou vir Ekonomiese Wetenskappe;
 - 11) omskepping van die huidige Plantkundegebou in n administratiewe blok;
 - 12) inrigting van die huidige Administrasiegebou vir Regte en verwante dissiplines;
 - 13) uitbreiding van die geriewe vir Huishoudkunde.
- 5.6 n Vaste Beplanningskomitee moet in die lewe geroep word met die opdrag om n voortdurende prognose van toekomstige groei en ontwikkeling van departementele behoeftes te onderneem, die moontlike voordele van belegging in meer personeellede eerder as in geboue te oorweeg, om prioriteit vir voorsiening - soos hulle ontwikkel - te bepaal en om weë en middele te oorweeg om leemtes in bestaande geboue uit te skakel.
 - 5.7 Die Universiteit moet n deeglike opname onderneem om die werklike behoeftes aan toerusting en tegnisi te bepaal, die tentatiewe gegewens vervat in hierdie verslag te kontroleer en n program op te stel waarvolgens die behoeftes sistematies en volgens vermoë bevredig kan word.
 - 5.8 Die tegniese personeel moet uitgebrei en in n sentrale groep in die huidige instrumentmakery saamgetrek word. Met die oog hierop moet n verdere elektronikus, meganikus en instrumentmaker mettert tyd benoem word.
 - 5.9 Die Administrasie moet gereelde opnames van verouderde en ondienlike apparaat in die verskillende departemente - insluitende die Tegniese Departement - onderneem en reëlings tref vir die verkoop daarvan.
 - 5.10 Die Advieskomitee i.s. Gespesialiseerde Apparaat moet omgeskep word in n Advieskomitee i.s. Interdepartementele Toerusting, met die opdrag om n lys saam te stel en by te hou van apparaat wat voortaan slegs interdepartementeel voorsien sal word; om die Rektor te adviseer i.v.m. die huisvesting en bediening van sodanige apparaat en om n reglement t.o.v. die aankoop, beheer, instandhouding en gebruik van interdepartementele apparaat saam te stel. Die Advieskomitee moet sekere bestaande apparaat wat met Universiteitsgeld aangekoop is, tot interdepartementele apparaat verklaar.
 - 5.11 Die huidige en toekomstige voertuie wat met Universiteitsgeld aangekoop is en word, moet nie aan n bepaalde departement verbind word nie. Alle Universiteitsvoertuie moet as interdepartementele toerusting beskou word en moet deur die Hoof Tegniese Beampte onderhou en geadministreer word

onder toesig van die Rektor (of sy gedelegeerde), bygestaan deur die Advieskomitee i.s. Interdepartementele Toerusting. Die Advieskomitee moet n reglement vir die beheer, instandhouding en gebruik van sodanige voertuie saamstel.

5.12 Die dokument(e) waarin die diensvoorwaardes en diensregulasies van die verskillende werknemers van die Universiteit vervat is, moet deeglik hersien word deur n ad hoc-komitee bestaande uit n regsgeleerde, die Registrateur, Adjunk-Registrateur, Rekenmeester en een of meer verteenwoordigers van elk van die volgende : die dosente, die konservatorium, die huisvaders en die Tegniese Departement.

5.13 Bogemelde komitee moet wysiging en toevoeging van regulasies ten aansien van, onder meer, die volgende sake oorweeg :

5.13.1 Langverlof

Oorweeg moet word om die regulasies sodanig te wysig dat dit soos volg sal lui :

Die Raad kan na goeë dunke aan n personeellid na elke onafgebroke diens tyd van ses jaar verlof vir drie maande met volle en drie maande met halwe salaris of na n onafgebroke diens tyd van twaalf jaar ses maande met volle en ses maande met halwe salaris toestaan; met dien verstande dat :

- 1) by die toekenning van verlof volgens rooster en by die min of meer eweredige verdeling van applikante tussen die twee semesters van n bepaalde jaar senioriteit in diensjare voorkeur kry in geval van gelyktydige aanspraak van twee of meer personeellede :
- 2) by die bepaling van "ononderbroke diens tyd" die Raad voorafgaande diens wat die personeellid elders gelewer het, in ag kan neem;
- 3) die langverlof met halwe salaris in elke diens termyn van 12 jaar gekonsolideer kan word tot drie maande langverlof met volle salaris;
- 4) by die vasstelling van n verloftermyn n personeellid die volgende opsies kan uitoefen :
 - (a) na 6 jaar diens : drie maande met volle salaris of drie maande met volle en drie maande met halwe salaris;
 - (b) na 12 jaar diens : 9 maande met volle salaris of ses maande met volle en ses maande met halwe salaris;
 - (c) 5)... verder moet die bestaande regulasies, soos van tyd tot tyd gewysig, volg.

5.13.2 Bevordering van studie deur dosente

Oorweeg moet word om die volgende regulasie by te voeg :

Ten einde studie deur personeel te bevorder moet die Raad jaarliks n bedrag in n studiebeursfonds vir dosente stort. Uit sodanige fonds kan studiebeurse aan dosente toegeken word, met dien verstande dat :

- (a) n beurs slegs toegeken word vir n deur die Raad goedgekeurde studieprojek;
- (b) die studie gedurende langverlof of langverlof en daarmee aaneenlopende onbetaalde studieverlof onderneem word;
- (c) die studie ter bevrediging van die Raad voltooi word;
- (d) die bedrag van die beurs in die geval van n dosent wat 3 maande verlof met volle en 3 maande met halwe salaris neem, nie meer as sy salaris vir $1\frac{1}{2}$ maand sal wees nie en in die geval van n dosent wat 9 maande verlof met volle salaris en 3 maande studieverlof sonder salaris neem, nie meer as sy salaris vir 3 maande sal beloop nie, en
- (e) n personeellid wat van sodanige studiebeurs gebruik maak nie sonder die toestemming van die Raad sy bedanking kan indien nie voordat minstens 3 semesters verloop het vir n beurs gelykstaande aan $1\frac{1}{2}$ maand se salaris en 6 semesters verloop het vir n beurs gelykstaande aan 3 maande se salaris.

- 5.13.3 Die huidige regulasies t.o.v. Studieverlof, Siekteverlof en Spesiale verlof word gehandhaaf.
- 5.13.4 Aan kinders van permanente personeellede moet n afslag van 75% op klasgelde toegestaan word.
- 5.13.5 Aan personeellede wat aan die P.U. studeer, moet n afslag van 50% op laboratorium- en klasgelde toegestaan word.
- 5.14 Die Senaat moet n komitee benoem om die hele aangeleentheid van die samestelling van fakulteite en van administratiewe pligte van dosente en veral van departementshoofde en dekane deeglik te ondersoek en die nodige aanbevelings in hierdie verband voor te lê.
- 5.15 Die Fakulteit Opvoedkunde moet, in samewerking met die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing, n deurtastende studie van die voorgdosentstelsel onderneem en mettertyd aan die Senaat daarvoor rapporteer.
- 5.16 Die eksperiment in die departement Chemie, nl. dat n dosent slegs vir eerstejaarswerk afgesonder is, moet onmiddellik opgevolg word met n deurtastende ondersoek na die resultate daarvan. In die lig van hierdie ondersoek moet die Senaat n beleid t.o.v. vertikale werkverdeling van dosente formuleer.
- 5.17 Teorieklasse moet in die reël beperk word tot n maksimum van 60 studente en praktikagroepe tot n maksimum van 20 per dosent of assistent, maar die besondere behoeftes van

departemente t.o.v. praktika of teorie moet steeds in ag geneem word.

- 5.18 Die rooster moet sodanige voorsiening vir herhaling van kursusse maak dat geen klasgroep (teorie) in die reël groter as 60 sal wees nie en dat die grootte van praktika-groepe sover moontlik in ooreenstemming met die vereistes van departementshoofde is.
- 5.19 By die beplanning van toekomstige geboue moet lesingsale in die reël beplan word vir 60 studente, terwyl laboratoria nie groter as die huidige moet wees nie.
- 5.20 Die bestaande Komitee insake Semesterkursusse moet die hele aangeleentheid van semesterkursusse in oorleg met die verskillende fakulteite deurtastend ondersoek, met besondere aandag aan die tyd wat eksaminering sal verg, aan her-eksamens en herhaling van kursusse, administratiewe probleme, die moontlike invloed van semesterkursusse op kumulatiewe en vaardigheidsvakke en die moontlikheid van gedeeltelike invoering van sodanige kursusse.
- 5.21 Vir die huidige moet afgesien word van verdere pogings om die akademiese jaar te verleng, en stappe moet gedoen word om die bestaande studietyd beter te benut. Resesse gedurende die jaar kan, byvoorbeeld, aangewend word vir voorbereiding vir toetse en eksamens.
- 5.22 n Universiteitskoerant moet uitgegee word wat alle sake van algemene belang rapporteer : ontwikkeling, beleid, besluite van die Raad en Senaat wat geopenbaar mag word, personeelsake, oudstudentesake, studenteaangeleenthede, program-aankondigings en verslae ens. Sodanige koerant moet onder die sorg van die departement Perswetenskap, met samewerking van die Departement Ontwikkeling, staan.
- 5.23 Daar moet voortgegaan word met die huidige gebruik om belangrike kennisgewings in die bussies van personeel en op kennisgewingborde te plaas.
- 5.24 Raadsbesluite wat nodig geag word moet in die Universiteitskoerant vervat word.
- 5.25 Senaats- en fakulteitsraadslede moet opgeskerp word om nie-lede in hulle departemente op hoogte te hou van besluite.
- 5.26 Departementshoofde moet gereelde departementele vergaderings of samesprekings hou, sodat elke lid sy bydrae kan lewer.
- 5.27 Die biblioteek moet n aantreklike brosjure, bevattende besonderhede van dienste, aan dosente en studente, beskikbaar stel.
- 5.28 Elke personeellid moet sy bydrae lewer tot uitbouing van die groepeer van die personeel. Soos in die verlede moet alle moontlike pogings aangewend word om n warme verhouding teenoor elke kollega te skep en te behou.

- 5.29 Fakultêre en/of departementele sosiale en professionele byeenkomste moet gereël word ten einde die esprit de corps te versterk.
- 5.30 Die personeelklub moet die minimum formele vergaderings hou dog minstens twee gesellige byeenkomste per jaar : een aan die begin vir verwelkoming van nuwe lede en een naby die einde vir blote gesellige verkeer en om van vertrekkende kollegas afskeid te neem.